Tema: Kyk terug na God se optrede in die verlede en staan weer op in geloof.

Vooraf sang
Lied 159:1,2,3
Lied 164: 1,2
Lied 163: 1

Ontmoetingsdiens
Intreelied en Votum: Psalm 43 – 2: 2
Seën
Loflied Ps. 90 – 2: 1,4,5,6
Geloofsbelydenis.

Woorddiens
Gebed
Skriflesing: Sagaria 1; 1 – 6
Teksvers 3
Sing Psalm 1 – 1: 1,2
Woordbediening.

Verootmoedigingsdiens
Samevatting van die Wet uit Matt 22: 36 – 40
Skuldbelydenis: Sing Ps. 51 – 2: 1 (sittend)
Vryspraak uit 1 Joh 1: 9
Lees die wet uit Sb 9 – 2
Sing verbintenislied staande uit Ps. 40 – 1: 4.

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes
Bevestiging van diakens
Sing Ps. 134 – 1: 4
Slotsang Ps. 51 – 2: 4,5
Seën
Sing Sb 13 – 3.

Geliefde brs en srs

Daar is ’n hartseer saak in ons almal se lewe wat ons met mekaar in gemeen het. ’n Saak waarmee ons almal worstel en wat ons goed van mekaar kan begryp en dit is : **ons menslike swakheid**. Daardie **swakheid waarmee ons so dikwels weer terugval in sonde.** Daardie worsteling waarvan Paulus ook in Romeine skryf dat hy hierdie stryd in homself vind: hy weet wat is die regte ding om te doen en hy wil dit ook graag doen, maar as hy hom kon kry dan het hy weer gefaal. Dan het hy weer die verkeerde gedoen.

Dit is ’n stryd om in ons geloof te volhard en altyd sterker en sterker te groei. Dit voel dikwels vir ’n mens jy val meer terug as wat jy groei. Jy kry net nie gevorder nie. As jy terugkyk op jou lewenspad dan sien jy sovele sonde-slaggate en so min geloofs-hoogtepunte.

Brs en srs., ons almal ken hierdie belewenis baie goed. Ons beleef dit van dag tot dag, jaar in en jaar uit. Die Skrif sê immers dit is deel van ons sondige bedeling en sal so wees tot die einde. **Wat is die gevolge van hierdie gebroke werklikheid in ons lewe?** Dit kan ’n mens maklik **moedeloos maak.** Dat jy redeneer” Ag dit help tog nie dat ek weer probeer nie, ek gaan in elk geval weer terugval.” En dit maak ’n mens **kragteloos**. Dit maak dat jy nie weer wil probeer nie. Dat jy in die sonde-slaggat bly lê.

En daarom kom die Here om ons te **bemoedig** met ’n boodskap wat sê**: Kyk terug en leer uit die lesse van jou verlede dat God met bekering nuwe lewe bring.** Want geliefdes, dit is nie waar dat ons net faal nie, daar is en was ook tye van oorwinning, maar ons belewenis van ons gebrokenheid laat ons dit vergeet en net fokus op die swakhede en nie op die wonderlike hoogtepunte wat gekom het nadat ek my bekeer het nie. Ons almal kan dit ook bely: toe **ek na God toe terugkeer het Hy na my toe teruggekeer.** Toe het ek die ware lewe geniet.
Maar alles begin by bekering: dat ek weer vasgryp aan God se krag. Geliefdfes, die krag van geloof lê nie in die feit dat ons nooit weer sondig nie, maar dat ons altyd weer deur die genade van God kan opstaan.

Dit is die lesse wat die volk ook uit hulle verlede moes leer. Om hierdie boodskap te verstaan moet ons kortliks kyk na die **verlede van die kerk en gelowiges van daardie tyd. In verse 4 – 6 verwys die Here na die verlede.** Nadat die volk hulleself gevestig het in die land Israel en die tempel gebou het en God gedien het , het daar voortdurende afval gekom. Gaan lees maar die geskiedenis in Sameul, Konings en Kronieke en Jesaja.

En deurentyd het die Here hulle deur die profete gewaarsku om hulle te bekeer. Solank hulle geweier het het dit sleg met hulle gegaan, maar sodra hulle hul bekeer het, dan het hulle voorspoed geniet. Dit was egter nie lank nie of hulle het weer verval. Hierdie verval het deur die jare so sleg geword dat die Here hulle uiteindelik gestraf het,deur hulle met ’n groot oorlog te tref en hulle te laat wegvoer na Babel. Alles in Jerusalem, ook die tempel, was vernietig en die volk verslaan.

Daar in ballingskap het hulle geworstel met die Here en baie het weer tot inkeer gekom. Die Here beloof dan dat hulle sal teruggaan na hulle land. In 530 neem die Grieke die Persiese ryk oor en Kores word koning. Hy vaardig ’n bevel uit dat die Jode mag teruggaan. **Die Here vervul sy belofte en 50 000 Jode** keer onder Serrubabel terug. **Wat ’n wonderlike hoogtepunt**!!!!. Terug in hulle land met al die beloftes van die Here van herstel en ’n wonderlike lewe.

Serrubabel, die groeweneur, en Jesua, die hoëpriester, laat die volk dadelik begin om die tempel te herbou. Maar hulle ervaar teenstand, word moedeloos en laat vaar die bouery.

Haggai begin as profeet optree en preek op 29 Aug. 520 kragtig dat die volk hulle moet bekeer. Hulle kom tot inkeer, fokus weer op die Here en begin om die tempel te herbou.

En nou, **skaars twee maande later, in Nov 520, begin Sagaria ook te preek: bekeer julle. Keer terug na die Here**. S**kaars twee maande na die vorige oplewing – weer 'n insinking!!** Die teenstand van die mense wat die tempelbou wou keer word vir hulle te veel. Hulle raak moedeloos en verval weer in sonde.

Brs en srs, dit is die storie van ons lewe. Dit was in Israel se tyd so en steeds is dit vandag so. **Ons sien dit in ons persoonlike lewe en ook in ons gemeentelike lewe**. Dan is daar 'n opwelling van geloof en kragtige optrede en dan verslap ons weer. Val weer terug in ons eie sondige wêreld.

Maar geliefdes, **ons mag nie hierin bly lê nie**, want vers 6 sê baie duidelik : soos die Here Hom voorgeneem het, handel Hy met ons na ons lewe en dade. Omdat Israel nie ag geslaan het op die Here se oproepe nie, het Hy hulle gestraf. **Hulle het die gevolge van hulle dade aan hulle eie lyf ervaar.** Die voorvaders is gestraf en is dood omdat hulle nie geluister het nie. Daarom roep Sagaria – moenie soos hulle wees nie – bekeer julle!!

Dink ons dalk dat die Here vandag nie meers so met ons handel nie? Dink ons dalk as Nuwe Testamentiese gelowiges omdat Christus vir ons sonde betaal het, sal ons nie die gevolge van ons sonde dra nie**. Nee, geliefdes, die beginsel bly dieselfde. Natuurlik het Christus in ons plek vir ons sonde betaal en sal God ons nie met die dood straf nie, maar as ek in my sonde bly lê, sal ek die gevolge daarvan dra.**

Wanneer ek my rug op die Here draai, wanneer ek wegdwaal sal ek die tragiese gevolge daarvan dra. Dan sal dit vir my voel asof God sy rug op my gedraai het.

Daarvan kan ons almal ook getuig: ons kan vertel van die **slaggattye** op ons geloofspad waar ons die bitter gevolge van ons eie sondige dade moes ervaar. Alhoewel ons vergifnis vind en weet ons lewe is in God se hand – bly dit bittere gevolge van my sondige dade.

Maar geliefdes, God , die Almagtige, leer ons deur die lesse van die verlede om na Hom toe terug te keer. Hy wil hê dat ons sal terugkeer en nie meer swaarkry nie.

Daarom roep Hy ons ook vandag tot bekering. Het u opgelet in ons teksverse word **God 3 keer die Almagtige genoem?** In die Hebreeus staan daar: die Here "van die Leërskare" Die sterke God. Hoekom word Hy so genoem? Want Hy doen wat Hy besluit het – Hy laat nie met Hom spot nie. Wie sy oproep tot bekering in die wind slaan –sal die gevolge daarvan dra. Dalk tot in ewigheid as jy nie jou in geloof bekeer nie.

Daarom geliefdes, kom ons kyk dan terug en besef opnuut hoe God met ons gehandel het en kom ons bekeer ons van ons verval en sondige begeertes. Dat ons in die eerste plek weer in ons **persoonlike geloofslewe** fokus **op hoe die Here wil hê ons moet lewe.** Dat ons Hom weer **as eerste prioriteit** in ons lewe sal stel bo al die ander dinge wat ons belangriker as God geag het.

Dat ons, in **die tweede plek**, as gemeente weer luister wat die Here wil hê ons moet doen en bereid wees om Hom voluit hier in die gemeente en in die gemeenskap te dien. Dat ons

ons belange ondergeskik sal stel aan God se Koninkryk. Dit ons dit eerste sal stel,want dank beloof Hy om na ons belange te kyk.

Hoe bekeer ek my dan? Geliefdes, u weet dit. Ons moet ons **sonde ken en bely met berou.** Dat ons werklik besef dat ons God te na gekom het, dat ons sy liefde vertrap het en dat ons onsself bo Hom gestel het.
Hoe kan ons, in 'n persoonlike verhouding met die Here- dan bly sondig? Kan ek maar elke keer net sondig en weer om vergifnis vra? Is dit 'n teken van ware liefde vir die Here?

Nee, maar as ek kom, soos die tollenaar wat bid: "Here, wees my sondaaar genadig. Here, ek wil graag opstaan en weer begin. Here help my". Dan, geliefdes, gebeur wat die Here ons in ons teks belowe: **dan keer die Here, Die Almagtige terug na ons.**

Wat doen Hy dan in sy groot krag met ons? Hy tel ons op. Hy gee ons krag. Ons ondervind sy genadige liefde in Christus –dat ons worstelende en moeë gees vertroos word. Dat ons weet ons mag maar weer opstaan – God is genadig. So genadig dat Hy Christus in ons plek laat sterf het sodat ons vir ewig kan lewe. **Die genade van vergifnis is ons krag om weer op te staan.**

Hy gee ons ook sy Gees waarmee ons kan opstaan. Want geliefdes, kom ons kyk ook na die lesse van ons verlede toe God kragtig in ons gewerk het. **Toe ons ons bekeer het en wonderlike dinge in die Naam van God gedoen het**. As ons daarna kyk dan weet ons: **bekering is die enigste weg. Deur bekering kom daar lewe en hoop en krag.**

Geliefdes, ja, ons ervaar die pyn van ons swakheid, maar die Here tel ons vanoggend op en Hy begin by bekering. Kom ons bekeer ons weer terug na die Here toe en Hy sal ons kragtig optel.

Ons begin vandag met hierdie reeks uit Sagaria by die opstaan van bekering maar soos ons deur die boek vorder sal ons uitkom by die wonderlike hooptepunt van oorwinning.

Ons ervaar in hierdie tyd hoe teleurstelling en mislukking op politieke gebied ons mense neertrek. Ons begin al hoe meer die wêreldwyse ekonomiese resessie se gevolge aan ons eie lyf voel met 'n ekonomiese insinking wat besig is om ons land plat te trek.

Op gemeentelike vlak is daar die teleurstelling van 3 mislukte beroepe, 'n gestolde bedieningsfase en 'n beroepingsproses wat menslikerwys nie baie hoop bring nie.

Maar br en sr, die Here begin egter nie deur hierdie omstandighede vir ons te verander nie – Hy begin deurons te verander – dat ons ons tot Hom bekeer en Hy gee ons krag om ons omstandighede te dra .

Mag ons as gemeente ook vandag begin met bekering om so die Almag van God te midde van moeilike omstandighede te ervaar en tot eer van God te leef.

Amen